**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Literatuurstudie)**

**(Slegs Deeltydse Kandidate)**

**Moontlike Antwoorde**
**Feb / Maart 2006**

**KREATIEWE SKRYFWERK (40)**

**TAAL EN STYL**

| INHOUD | | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | RYK | 40 | 36 | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 |
| | BAIE GOED | 39 | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 |
| | GOED | 37 | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 |
| | ALLEDAAGS | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 |
| | ONDERGEM | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 | 9 |
| | ARM | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 | 12 | 8 |
| | MISGETAS | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 | 7 |

## NASIENTABEL: KREATIEWE SKRYFWERK(40)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK** | **PUIK** |
| 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | 1. Ryk, oorspronklike beelde - funksioneel.<br>2. Afrikaanse idioom uitnemend aangebied - oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak skryfstuk briljant. |
| **BAIE GOED** | **BAIE GOED** |
| 1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid. | 1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>4. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie, natuurlikheid ontbreek.<br>5. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>6. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. |
| **GOED** | **GOED** |
| 1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentasies.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | 1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik: skemer net soms deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS** | **GEMIDDELD** |
| 1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | 1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie, wat gebruik word, is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes, foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD** | **ONDERGEMIDDELD** |
| 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag; geen beeldspraak en stylfigure nie, slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops, beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |

| ARM | SWAK |
|---|---|
| 1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - ? doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute, min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS** | **BEROERD** |
| 1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

## FUNKSIONELE SKRYFWERK

## SKAAL VIR KORTER OPDRAG (20)

### TAAL & STYL

INHOUD

| | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20 | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 |
| BAIE GOED | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 |
| GOED | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 |
| ALLEDAAGS | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 |
| ONDERGEM | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 |
| ARM | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 |
| MISGETAS | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 | 2 |

## NASIENTABEL: STELWERK - 20 (KORTER SKRYFSTUKKE)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK**<br>1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm ? afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging.<br>8. Baie feite. | **PUIK**<br>1. Ryk, funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak opstel briljant. |
| **BAIE GOED**<br>1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8 Oortuigingskrag steeds sterk. | **BAIE GOED**<br>1. Taal funksioneel of nugter (konkreet).<br>2. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie, natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek, maar kort deurleefdheid. |
| **GOED**<br>1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **GOED**<br>1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>2. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>3. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>4. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS**<br>1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend. | **GEMIDDELD**<br>1. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes, foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam.<br>8. Inhoud is vaag en onvolledig. | **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops, beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |

| **ARM** | **SWAK** |
|---|---|
| 1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - ? doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute, min eenheid.<br>4. Telegramstyl.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS** | **BEROERD** |
| 1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | 1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

## HOËR GRAAD (20)
## TAAKAANDUIDERS

**INHOUD: 40%**

**ASSESSERINGSKRITERIA**

| VLAK 1 [8-7] | VLAK 2 [6-5] | VLAK 3 [4-3] | VLAK 4 [2-1] |
|---|---|---|---|
| Besondere, oorspronklike interpretasie van onderwerp. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing. Duidelik omlynde sentrale tema en progressie. ? Afgeronde geheel met sterk oortuiging. Werklik voortreflik. | Interessante onderwerpsiening. [Vanselfsprekender]. Goeie sintuiglike waarneming [ met meer algemeenhede]. Sentrale tema minder omlyn [meer sporadies]. Opstel vorm ? goeie geheel met oortuigingskrag. | Geen spesifieke onderwerpsiening [slegs plek-plek ter sake]. Doodgewone waarneming [Min treffende beskrywing]. Geen opvallende sentrale tema met min progressie [statiese patroon]. Argumente bietjie onoortuigend. | Onderwerp nie ter sake [misgetas]. Onoorspronklik en sonder verband. Onsamehangend, herhalend en met min idees. [Patroon ontbreek] Samevoeging van niksseggende gedagtes. Min oortuigingskrag. |
| **TAAL EN STYL: 60%** | | | |
| **VLAK 1 [4]** | **VLAK 2 [3]** | **VLAK 3 [2]** | **VLAK 4 [1]** |
| ***UITDRUKKINGSVERMOË, TOON EN TAALGEBRUIK** | | | |
| Taal is oorspronklik, beeldryk [funksioneel] of nugter [konkreet]. Taal is deurleef en goed genuanseerd. Ryk woordeskat. Die toonaard is uiters gepas vir teikengroep en doel. | Beperkte beeldende of nugter taalgebruik; skemer net soms deur. Bo-gemiddelde taalgebruik wat getuig van breë taalkennis. Die toonaard is sensitief vir teikengroep. | Nie werklik beeldende of nugter taalgebruik nie; wat gebruik word, is oorbekend. Verbeeldinglose taalgebruik. Beperkte woordeskat. Die toonaard is onsensitief vir teikengroep. | Afgesaagde taalgebruik. Kan nie gedagtes helder oordra nie. Taal is lomp, onbeholpe, beperk. Toon is totaal onvanpas of gee aanstoot. |
| ***SINSKONSTRUKSIE, STYL EN PARAGRAFERING** | | | |
| Buitengewone taalaanvoeling, oorspronklike sinsbou. Groot variasie in sinskonstruksie. Styl is vloeiend en gemaklik. Oorspronklik, Foutlose, korrekte paragrafering. ? Hegte bou en goeie struktuur is duidelik. | Klinies korrekte sinsbou, maar kort deurleefdheid. Styl is vloeiend, met weinig sprake van oorspronklikheid. Skryf korrek soos geleer. Paragrafering grootliks korrek. Hegte bou steeds aanwesig. | Gewone sinne met min variasie. Foute kom voor. Onvolledige sinne. Alledaagse skryfstyl. Skryftegnieke ontbreek of word oordryf. Paragrafering willekeurig. Hegte bou ontbreek. | Sinsbou verdien aandag en belemmer betekenisoordrag. Herhalende sinsbou. Styl is omslagtig en onbeholpe. Skryftegnieke ontbreek of is foutief. Paragrafering afwesig of willekeurig. |
| ***SPELLING, VORM EN PUNKTUASIE** | | | |
| Foutloos [of byna]. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel. Die vorm is korrek vir die gekose skryfstuk en konvensies word nagekom. | Enkele foute kom voor, sonder dat dit te hinderlik word. Die vorm is korrek vir die gekose skryfstuk en konvensies word nagekom, maar met minder sensitiwiteit. | Meer foute. Dit raak hinderlik en ? lees-inspanning. Beperkte gebruik van leestekens. Anglisismes. Die vorm vir die gekose skryfstuk is korrek, maar met ? onsensitiwiteit vir konvensies. | Baie foute, min eenheid. Lomp, plat, byna onverstaanbaar. Dit verg groot inspanning om te lees. Die vorm is verkeerd vir die gekose skryfstuk en konvensies ontbreek. |

## HOËR GRAAD (20)
## NASIENTABEL VIR BRIEWE (20)
## TAAKAANDUIDERS

**INHOUD: 40%**

**ASSESSERINGSKRITERIA**

| VLAK 1 [8-7] | VLAK 2 [6-5] | VLAK 3 [4-3] | VLAK 4 [2-1] |
|---|---|---|---|
| Besondere interpretasie van onderwerp. Gepaste, relevante inhoud. Duidelik omlynde sentrale tema en progressie. ? Afgeronde geheel met sterk oortuiging. Werklik voortreflik. | Interessante onderwerpsiening. [Vanselfsprekender] Kommunikasie is suksesvol [met meer algemeenhede]. Sentrale tema minder omlyn [meer sporadies]. ? Goeie geheel met oortuigingskrag. | Geen spesifieke onderwerpsiening [slegs plek-plek ter sake]. Geen opvallende sentrale tema nie met min progressie [statiese patroon]. Argumente bietjie onoortuigend. | Onderwerp nie ter sake nie (misgetas). Onoorspronklik en sonder verband. Onsamehangend, herhalend en met min idees. [Patroon ontbreek] Samevoeging van niksseggende gedagtes. Min oortuigingskrag. |

**TAAL EN STYL: 60%**

| VLAK 1 [4] | VLAK 2 [3] | VLAK 3 [2] | VLAK 4 [1] |
|---|---|---|---|
| ***UITDRUKKINGSVERMOË, TOON EN TAALGEBRUIK** | | | |
| Taal is beeldryk of nugter, deurleef en goed genuanseerd. Ryk woordeskat. Gepaste register. Diplomaties en uiters taktvol. | Beperkte beeldende of nugter taalgebruik; skemer net soms deur. Bo-gemiddelde taalgebruik wat getuig van breë taalkennis. Taktvol. | Nie werklik beeldende of nugter taalgebruik nie; wat gebruik word, is oorbekend. Ver-beeldinglose taalgebruik. Beperkte woord-deskat. Die toonaard van die brief raak onsensitief. | Afgesaagde taalgebruik. Kan nie gedagtes helder oordra nie. Taal is lomp, onbeholpe, beperk. Toon is totaal onvanpas of gee aanstoot. |
| ***SINSKONSTRUKSIE, STYL EN PARAGRAFERING** | | | |
| Buitengewone taalaanvoeling, oorspronklike sinsbou. Groot variasie in sinskonstruksie. Styl is vloeiend en gemaklik. Oorspronklik, Foutlose, korrekte paragrafering. ? Hegte bou en goeie struktuur is duidelik. | Klinies korrekte sinsbou, maar kort deurleefdheid. Styl is vloeiend, met weinig sprake van oorspronklikheid. Skryf korrek soos geleer. Paragrafering grootliks korrek. Hegte bou steeds aanwesig. | Gewone sinne met min variasie. Foute kom voor. Onvolledige sinne. Alledaagse skryfstyl. Skryftegnieke ontbreek of word oordryf. Paragrafering willekeurig. Hegte bou ontbreek. | Sinsbou verdien aandag en belemmer betekenisoordrag. Herhalende sinsbou. Styl is omslagtig en onbeholpe. Skryftegnieke ontbreek of is foutief. Paragrafering afwesig of willekeurig. |
| ***SPELLING, VORM EN PUNKTUASIE** | | | |
| Korrekte vorm vir gekose brief. Korrekte adres, aanhef en slot. Baie min spelfoute. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel. | Korrekte vorm vir gekose brief. Foute in vorm, bv. in die aanspreek van die persoon of in die oordra van groete. Afkortings of punktuasie in adres. Spelfoute kom voor sonder dat dit hinderlik word. | Korrekte vorm vir gekose brief. Foute in die vorm of weglating van onderstreping/hoof-letters in die onderwerpstelling. Afkortings of punktuasie in adres. Poskode of datum ontbreek. Dit raak hinderlik en ? leesinspan-ning. Beperkte gebruik van leestekens. Anglisismes. | Verkeerde vorm vir gekose brief. Meer foute in die adres, aanhef en slot. Afkortings en punktuasie in adres. Onvanpaste aanhef en/of slot. Poskode, datum of onderwerpstelling ontbreek. Onvanpaste aanhef en/of slot. Baie foute, min eenheid. Lomp, plat, byna onverstaanbaar. Dit verg groot inspanning om te lees. |

## HOËR GRAAD (10)

## NASIENTABEL VIR KORTER, FUNKSIONELE SKRYFSTUKKE<br>TAAKAANDUIDERS

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **INHOUD: 40%** | | | | |
| ASSESSERINGSKRITERIA | **VLAK 1 [4]** | **VLAK 2 [3]** | **VLAK 3 [2]** | **VLAK 4 [1]** |
| | Besondere onderwerpsiening. Gepaste, relevante inhoud. ? Afgeronde geheel met sterk oortuigingskrag. Werklik voortreflik. | Vanselfsprekender onderwerpsiening. Gepaste inhoud. ? Goeie geheel met oortuigingskrag. | Onoortuigende onderwerpsiening. Verbrokkelende inhoud. ? Bevredigende geheel. | Onderwerp nie ter sake nie (misgetas).<br>Onoorspronklik en sonder verband.<br>Onsamehangend.<br>Neem geen standpunt in nie.<br>Samevoeging van niks seggende gedagtes. ?<br>Onbevredigende geheel. |
| | **TAAL EN STYL: 60%** | | | |
| | **VLAK 1 [3]** | **VLAK 2 [2]** | **VLAK 3 [1]** | **VLAK 4 [½]** |
| | ***TAAL VERONDERSTEL HIER UITDRUKKINGSVERMOË, TAALGEBRUIK, TAALKENNIS, WOORDESKAT, TOONAARD, SPELLING EN PUNKTUASIE.** | | | |
| | Besonder toepaslik<br>Genuanseerd<br>Gevarieerd<br>Ryk<br>[Byna] foutloos | Toepaslik<br>Korrek<br>Bo-gemiddeld<br>Enkele foute kom voor | Alledaags<br>Oorbekend<br>Hinderlike/herhalende foute | Lomp<br>Beperk<br>Onbeholpe<br>Baie foute |
| | ***STYL VERONDERSTEL HIER DIE KORREKTE VORM VIR DIE GEKOSE SKRYFSTUK, DIE REGTE REGISTER, SINSKONSTRUKSIE EN PARAGRAFERING EN DIE NAKOMING VAN GESTELDE LENGTEVEREISTES.** | | | |
| | Konvensies word nagekom<br>Vloeiend<br>Gemaklik]<br>Oorspronklik<br>Gestruktureerd<br>Deurleefd<br>[Byna] foutloos<br>Uitstekend | Steeds sensitief vir konvensies, maar minder suksesvol<br>Vloeiend<br>Klinies korrek, sonder deurleefdheid<br>Goed<br>Enkele foute kom voor | Onsensitief vir konvensies<br>gewoon<br>Willekeurig<br>Verontagsaming van lengtevereistes<br>Bevredigend | Konvensies ontbreek<br>Omslagtig<br>Onvanpas<br>Onbevredigend<br>Growwe verontagsaming van lengtevereistes |

AFDELING C

**VRAAG 4**

4.1 “Zo stond de suikerklont enkele weken midden in de grootste mierenhoop van de wêreld.” (1)

4.2 Sy roem was verganklik, (1)
baie jonger miere het van die hele verhaal niks geweet nie. (1)

4.3.1 Die graf (suikerklont) as monument. (1)

4.3.2 Die miere is te besig / hardwerkend
Hulle het nie vrye tyd nie /
Hulle het van hul plan vergeet. (1)

4.4 Een en ? halwe jaar. (1)

4.5 Die mier praat / redeneer / beraam planne / is toegewyd / het ideale / ... (1)

4.6 Letterlik: Die suikerklont smelt (verdwyn) (1)
Figuurlik: Die held verdwyn uit die herinneringe van die miere (1)

4.7 ? Graf (1)

4.8 “de bitter toegeknepen lippen” /
“de blik vol verachting” (1)

4.9 grimmig (1)

4.10 Hy stamp sy kop teen die deur as hy die kompartement verlaat. (1)

4.11 Hy mors koffie op sy klere. (1)

4.12 Nee. Sy optrede dui nie daarop nie / Hy lag weer / (2)

4.13 Ja. Die reisiger spreek sy misnoeë uit oor die verteller se kinderagtige optrede.

Nee. Dit vererger die reisiger se situasie / reaksie. (2)

4.14 Figuurlik (1)
“Bitter” dui op woede / om kwaad te wees. (1)

**EN**

4.15 Allen se stiefvader (oom) het hom geslaan. (1)

4.16 Allen het hom van die leer af geskop / Hy het op die soldervloer geval. (1)

4.17 Allen se stiefsussie (1)

4.18 Sy is ? klikbek. (1)

4.19 Nee (1)
Allen raak van alle bewyse ontslae na die dood van sy stiefpa. (1)

4.20 Hy is stom geslaan / Hy luister aandagtig / hy aanvaar sy lot /. (1)

4.21 Sy is leedvermakerig / sy treiter Allen / Sy dreig hom. (1)

4.22 Die vader mishandel Allen / Hy is wreed / ... (1)
Die vader luister na haar / Mishandel haar nie / ... (1)
**[30]**

**Die algemene nasientabel vir literatuurstudie word deurlopend gebruik vir die nasien van paragraaftipe vrae.**

## VRAAG 5

5.1
- Die herbergier beskou dit as sy eer om sy gaste die beste te onthaal:
  - Hy skink die heerlikste drankies.
  - Hy pleeg nie rekeningbedrog nie.
  - Hy maak slegs genoeg wins om van te leef.
  - Hy weier soms om betaling te ontvang.
  - Hy huil van vreugde as gaste tevrede is.
- Hongersnood bring ellende en swaarkry mee. In Pidalgo kom daar hongersnood na ? mislukte graanoes en veesiektes:
  - Daar was geen graan of vleis nie.
  - Personeel (koks en meisjes) word afgedank.
  - Die herberg is doodstil.
  - Heerlike kosgeure word vervang met stank.
  - Die herbergier is maer en bleek en eensaam.
  - Hy gaan fisiek en geestelik agteruit.
- Die herbergier maak ? belofte aan ? ryk edelman. Hy beloof om die onmoontlike te doen en ? ete voor te sit.
  - Die edelman daag die sewende dag op.
  - ? Koningsmaal is reeds opgedis.
  - Hy meld dat hy nie soos altyd kan rondloop en hulle bedien nie, aangesien hy "siek" is.
  - Om sy belofte na te kom het die herbergier sy eie been afgesit, dit gebraai en vir sy gaste voorgesit het. (15)

5.2
- Allen is ? weeskind en bly by sy oom.
  - Hy is ? weerlose kind wat stom geslaan is deur sy stiefpa.
  - Sy stiefsussie vererger die situasie deurdat sy leedvermakerig teenoor Allen optree.
  - Die mishandelde, onskuldige, weerlose Allen verander egter in ? sluwe moordenaar.
  - Hy vermoor nie net die stiefpa nie, maar hy wis berekend al die leidrade uit.
- Die vader is wreed en hy mishandel Allen op die mees sadistiese manier (skop, skel, vuishoue, stamp sy gesig teen die muur ...)
- Hy kom weer die skuur binne om Allen te straf.
- Allen skop hom van die punt van die leer en hy val homself dood.

- Moord / mishandeling is bose dade.
- Alhoewel reg moet geskied, is Allen se daad boos.
- In hierdie kortverhaal seëvier die goeie nie oor die bose nie. (10)

5.3 - Oom Adriaan, die verteller se oom, bedryf ? besigheid deur harmoniums op te koop, bolangs te herstel en dan verder te verkoop.
  - Hy misbruik die verteller se kinderlike onskuld en musikale talent (Truus).
  - Hy gebruik ingewikkelde terme en draai mense ? rat voor die oë.
  - Hy stry gereeld die koopprys af en verkoop die instrument so duur as moontlik. (Die egpaar)
    Hy pas sy mensekennis en verkoopstegnieke aan by die persoonlikheid van sy klante (Brands).
  - Hy betaal nie die verteller na ? dag se werk nie. (5)

**[30]**

**VRAAG 6**

6.1 Hy is lief vir die see / gelukkig. (1)

6.2 Hy was gesond / word groot. (1)
Sy was sieklik, tengerig / Sy kwyn weg. (1)

6.3 Elke sin word beklemtoon / Spanning word geskep (1)

6.4 Sy wou Milla beskerm teen (1)
die see / seerkry / die bestaan van ? vissersvrou. (1)

6.5 Sy wou wegkom van die see (1)
maar sy was arm / het gesukkel / kom ? bestaan maak. (1)

6.6 Dis ? mooi (versagtende) manier om iets onaangenaams te beskryf / Dui op respek vir die oorledene (2)

6.7 Hy is nederig. (1)

6.8 Waar die rivier in die see uitmond. (1)

6.9 ? Firma / Irvin & Johnson (1)

6.10 Ja. Hulle spandeer meer tyd saam / Hulle deel geheime / Hulle raak fisies van mekaar bewus. (2)

6.11 Hy is nie slim nie. (1)

6.12 Innerlike konflik: Die verteller is bekommerd / hy bedink planne. (1)
Uiterlike konflik: Ouboet het hom geslaan. (1)

6.13 Die handel oor sy pa / Hy het ? heldeverering vir sy pa. (1)

6.14 Sy vrees vir Ouboet (1)

6.15 Dui op tydspronge / Skep spanning en afwagting (1)

6.16 "leeu" (1)

6.17 "? seun in die straat bydam" / "sy arm breek" (1)

6.18 Om gou kwaad te word / liggeraak / kortgebonde (1)

6.19 Ouboet is die hoofkarakter / Die verteller plaas nie die klem op homself/haarself nie, maar op Ouboet. (1)

6.20 Hy kyk hom kwaai aan. (1)

6.21 Die vader is blykbaar ook gewelddadig / wreed / verstandelik gestrem. (1)

6.22 Die verteller se vrees vir sy pa / Hy is moeg vir die leuens / Hy probeer Ouboet terugruk tot die werklikheid / Sy gewete (1)

6.23 Ja. Hy moes wegkom van die leuens / geweld / intimidasie / vrees / ... (2)

**[30]**

## VRAAG 7

7.1

- Die verteller probeer, soos honderd nege en veertig keer tevore, om sy ma te oortuig van sy **dood**. Daarenteen loop haar hart elke Woensdag oor van **vreugde**, terwyl sy voorbereidings tref vir haar kind se tuiskoms.

- In haar weiering om haar seun se dood te aanvaar vermeng die ma as't ware die **verlede, die hede en die toekoms**.
  Haar herhalende optrede maak dit duidelik dat die voorbereiding vir Carolus se koms elke keer van "nuuts" af aangepak word, maar dat dit nietemin niks nuuts / vars insluit nie (bv. die gemmerbier is al reeds drie jaar oud). **Vir die ma is daar geen grens of onderskeid tussen die patroon van die verlede of toekoms nie**.

  Tydens die ma se voorbereiding op Woensdae word die teenstelling tussen die lewe en die dood verder belig in die **kleurespel**. Die dag begin met die **son** wat in die **donker** huis ingelaat word.

  Ma se middagete bevat **swart koffie en (wit) suiker**. Heel ironies verklaar sy ook daarna dat sy tog so lief is vir swart.

  Wanneer sy soos ? meisie op haar troudag aantrek, kontrasteer die **doodsbleek gesig** met die tam oë (ouderdom) met die vurige rooisel en die **blink oë** (jeugdigheid).

  Op pad stasie toe pak die bruin/vaal stof (die vervallenheid / ellende) op haar rok aan, tog waai sy vir die **swart lokomotief met die (wit)** kantsakdoekie as ? teken van hoop – tot volgende Woensdag.

  Verder is daar ook ? teenstelling tussen die **vreugdevolle verwagting** van die ma en die bure oor haar seun se verwagte tuiskoms.

Die **teenstellings** toon die verskil tussen **die werklikheid** en die **verbeelde wêreld**, maar dit wys ook wat die ma alles met die dood van haar seun verloor het. Deur die **dood** te ontken bly sy **"gelukkig".** (20)

7.2 Eerstens dui die titel op die **inkomende gety, daar waar die rivier in die see** uitmond.
Hierdie gebied kry later ? baie beduidende betekenis, want dit is waar **Wenning en Milla mekaar in die dood ontmoet**.

Die titel dui vir ons in die tweede plek aan **watter invloed mense se omstandighede op mekaar het** in Vredenbaai. Hilda is ? landmens en sy haat die see as gevolg van wat gebeur het. Henning daarteenoor, is ? seemens en dus beïnvloed en bepaal die see sy lewensuitkyk.
Te midde van hierdie invloede wat noodgedwonge op haar inwerk, staan Milla.

In die derde plek simboliseer die titel **die invloed wat mense op mekaar het**. Hierdie invloed het twee pole naamlik liefde en haat. Hierdie pole neem die gestalte aan van drie karakters in die verhaal: Hilda Sewes, Wenning en Milla. (10)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 30**

## NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 3

| TAAL EN STYL | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 20<br>15<br>10 | **SKITTEREND** | **BAIE GOED** | **GOED** | **GEMIDDELD** | **REDELIK** | **SWAK** | **BAIE SWAK** |
| **I N H O U D** | **RYK** | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| | **VOLLEDIG** | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| | **EERSTE-KLAS** | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| | **GEMIDDELD** | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| | **ONDER-GEMIDDELD** | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| | **SKRAAL** | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| | **ARM** | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

| **INHOUD** | **TAAL EN STYL** |
|---|---|
| **A. RYK (R)**<br>1. Besondere insig<br>2. Sterk oortuigingskrag<br>3. Uitstekende inhoud-beheer<br>4. Deeglike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning<br>6. Vraag en antwoord sluit<br>7. Vraag voortdurend in fokus | **1. SKITTEREND (S)**<br>1. Korrekte, funksionele lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie<br>3. Oorspronklike taal en styl<br>4. Afrikaanse idioom<br>5. Keurige taalaanwending |
| **B. VOLLEDIG (V)**<br>1. Besondere insig<br>2. Oortuigingskrag baie goed<br>3. Inhoud weldeurdag<br>4. Duidelike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, logiese beplanning<br>6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek<br>7. Vraag en antwoord sluit<br>8. Vraag in fokus | **2. BAIE GOED (BG)**<br>1. Klein gebreke in lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Goeie styl<br>3. Keurige taalaanwending - klein foutjies |
| **C. EERSTEKLAS (E)**<br>1. Meer gebreke<br>2. Oortuig minder<br>3. Feite nie volledig nie<br>4. Aanbieding plek-plek nie logies nie<br>5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie<br>6. Vraag nie voortdurend in fokus nie | **3. GOED (GO)**<br>1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Taal en styl begin lomp vertoon<br>3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid |
| **D. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Baie gebreke<br>2. Oortuig soms glad nie<br>3. Helfte van feite<br>4. Belangrike feite ontbreek<br>5. Interpretasie gewoon<br>6. Aanbieding nie logies nie<br>7. Vraag en antwoord sluit dikwels nie | **4. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Nog meer gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Taal en styl -vertoon lomp<br>3. Taalaanwending is slordig |
| **E. ONDERGEMIDDELD (OG)**<br>1. Baie meer gebreke<br>2. Oortuig gedeeltelik<br>3. Belangrike feite weggelaat<br>4. Interpretasie oortuig nie<br>5. Aanbieding lomp<br>6. Vraag en antwoord sluit hier en daar<br>7. Vraag net in enkele gevalle in fokus | **5. REDELIK (RE)**<br>1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryfteken-gebruik<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig<br>4. Slaag soms net |
| **F. SKRAAL (SK)**<br>1. Kandidaat druip<br>2. Vol gebreke<br>3. Oortuig glad nie<br>4. Geen insig nie<br>5. Onbelangrike feite oorheersend<br>6. Interpretasie swak<br>7. Aanbieding deurgaans lomp<br>8. Vraag en antwoord sluit glad nie | **6. SWAK (SW)**<br>1. Skryf- en leesteken-gebruik beroerd<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig |
| **G ARM (A)**<br>1. Druip ver<br>2. Geen insig nie<br>3. Weinig kennis<br>4. Interpretasie<br>5. Aanbieding onlogies en verward<br>6. Vraag glad nie beantwoord nie | **7. BAIE SWAK (BS)**<br>1. Kennis oor gebruik van skryf- en leesteken-gebruik bestaan nie<br>2. Taalgebruik uiters swak |